2 Junie 2019 11:00
Pinelands, Kaapstad

info@kruiskerk.co.za
wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 188

O God, so ryk en goed,
gee ons solank ons lewe
altyd 'n blye hart;
as dit u wil is: vrede.
Laat u genade ons
beveilig teen gevaar,
in donker ure ons
van struikeling bewaar.

Lof, eer sing ons voor God,
die bron van alle lewe –
die Vader, Seun en Gees,
almagtig en verhewe.
Drie-enig God, ons roem
u krag en majesteit.
O Heer, ons wil U noem:
ons God in ewigheid!

Woorddiens

Tema: Wat is 'n "goeie lewe"?

Skriflesing: Johannes 17:20-26 (1953)

[20] Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat
deur hulle woord in My sal glo —
[21] dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in
U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan
glo dat U My gestuur het.
[22] En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het,
sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is.
[23] Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees;
en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle
liefgehad het net soos U My liefgehad het.
[24] Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het,
ook saam met My sal wees, sodat hulle my heerlikheid kan
aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het
voor die grondlegging van die wêreld.
[25] Regverdige Vader, al het die wêreld U nie geken nie, tog
het Ek U geken, en hulle hier het erken dat U My gestuur
het.
[26] En Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit
bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het,
in hulle kan wees, en Ek in hulle.

Broodjies vir die pad

"[Jesus] matters because of what he brought and what he still brings to ordinary human beings, living their ordinary lives and coping daily with their surroundings. He promises wholeness for their lives. In sharing our weaknesses he gives us strength and and imparts through his companionship a life that has the quality of eternity." (Dallas Willard in Ruthless Trust - Brennan Manning)"
— Dallas Willard, The Divine Conspiracy: Rediscovering Our Hidden Life in God

"As is a tale, so is life: not how long it is, but how good it is, is what matters."
— Seneca

Resonance: A Sociology of Our Relationship to the World by Hartmut Rosa

The pace of modern life is undoubtedly speeding up, yet this acceleration does not seem to have made us any more happy or content. If acceleration is the problem, then the solution, argues Hartmut Rosa in this major new work, lies in "resonance." The quality of a human life cannot be measured simply in terms of resources, options and moments of happiness: instead, we must consider our relationship to, or resonance with, the world.Applying his theory of resonance to many domains of human activity, Rosa describes the full spectrum of ways in which we establish our relationship to the world, from the act of breathing to the adoption of culturally distinct worldviews. He then turns to the realms of concrete experience and action - family and politics, work and sports, religion and art - in which we as late-modern subjects seek out resonance. This task is proving ever more difficult as modernity's logic of escalation is both cause and consequence of a distorted relationship to the world, at individual and collective levels. As Rosa shows, all the great crises of modern society - the environmental crisis, the crisis of democracy, the psychological crisis - can also be understood and analyzed in terms of resonance and our broken relationship to the world around us. Building on his now classic work on acceleration, Rosa's new book is a major new contribution to the theory of modernity, showing how our problematic relation to the world is at the crux of some of the most pressing issues we face today. This bold renewal of critical theory for our times will be of great interest to students and scholars across the social sciences and humanities.

https://www.goodreads.com/de/book/show/43736416-resonance

Stories bring 'God' nader; soos asemhaal

Wilhelm Jordaan

Iemand vra my: Hoe het dit gebeur dat jy reken die Bybel is 'n versameling stories van mense wat geglo het daar is 'n God?

Dit het alles by my ma in die 1950's in Bloemfontein begin; sy wat 100 jaar oud geword het en 'n meevoerende storieverteller was.

Sy kon byvoorbeeld 'n verhaal uit die Bybel vir haar gr. 2-tjies só opkikker dat jy kon sweer Noag is nóú besig om met 'n span skrynwerkers en timmermanne 'n enorme houtskip in sy agterplaas te bou.

Vir ons kinders het sy altyd gesê die Bybel is 'n storieboek oor die moontlikheid van 'n God.

In my katkisasiejaar in 1959 hoor ek die eerste keer van Moses by die brandende braambos. En God wat sê: "Ek is wat Ek is" toe Moses sy naam wou weet.

So ook ander verse waarin God 'n "magtige verskyning" maak en vir Moses sê: "As Ek . . . verbykom, sal Ek jou eers in 'n rotsskeur sit en jou met my hande toemaak totdat Ek verby is. Dan sal Ek my hande wegvat sodat jy My van agter kan sien. Niemand mag my gesig sien nie."

Ek fouteer toe om vir die dominee te sê dit klink vir my na 'n baie goeie storie om die idee van 'n pratende God oor te dra, in teenstelling met 'n stom god van graniet. Oor my klaarblyklike twyfel oor die letterlike waarheid, was die dominee omgekrap.

Miskien het hy ook verneem van my vrolike voordrag aan sommige van my maats waarin ek 'n hakkelende, stamelende Moses in gesprek met God nageboots het. Én ook dié parodie van Johannes 1:1 gemaak het: "In die begin was die storie, en die storie het Woord geword, en die Woord het God geword." Natuurlik was dít arrogante adolessente bravade.

Met die jare het ek algaande in 'n soort onnadenkende geloofsgroef beland – oor onverkwiklike dogma en omdat ek gedink het ek moet as pa die "regte ding" doen en toesien dat my kinders op 'n kerklike geloofspad geplaas word.

Wesenlik was alles net 'n sosiale en godsdienstige ritueel.

En tog kon ek my nie losskeur van die idee van 'n God nie. Ek was soos die boer Vos in Anna M. Louw se gelyknamige roman: "Hy het God in hom voel skop soos 'n ooilam in 'n skaapooi se pens." Dit was veral nadat ek gelees het oor die Katolieke teoloog Karl Rahner wat oor geloof gesê het: "Dit is óf mistiek óf niks."

Toe het Moses by die brandende braambos my weer beetgekry, veral toe ek lees die werkwoordvorm in God se woorde: "Ek is wat Ek is" is in die onvoltooid teenwoordige tyd ("present continuous tense" op Engels).

Dít het my bekoor: "Ek is wat ek is en sal wees wat ek sal wees." As't ware, werkwoordelik onvoltooid voortdurend God; immer ontvouend in die nou.

En dit is gelowiges (oortuigd, onseker en twyfelend) wat al eeue lank dié ontvouing in stories skep en herskep sodat "God" as oermisterie telkens "anders" word én nader kom. So naby soos asemhaal.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/stories-bring-god-nader-soos-asemhaal-20190528

"Our dreams and stories may contain implicit aspects of our lives even without our awareness. In fact, storytelling may be a primary way in which we can linguistically communicate to others—as well as to ourselves—the sometimes hidden contents of our implicitly remembering minds. Stories make available perspectives on the emotional themes of our implicit memory that may otherwise be consciously unavailable to us. This may be one reason why journal writing and intimate communication with others, which are so often narrative processes, have such powerful organizing effects on the mind: They allow us to modulate our emotions and make sense of the world."
— Daniel J. Siegel, The Developing Mind: How Relationships and the Brain Interact to Shape Who We Are

"One ought, every day at least, to hear a little song, read a good poem, see a fine picture, and, if it were possible, to speak a few reasonable words."
— Johann Wolfgang von Goethe, Wilhelm Meister's Apprenticeship

"We are always in a perpetual state of being created and creating ourselves."
— Daniel J. Siegel, The Developing Mind: How Relationships and the Brain Interact to Shape Who We Are

Brood vir die pad

Jean Vanier: Die skone krag van swakheid

RRV

In die boek Living Gently in a Violent World: The Prophetic Witness of Weakness skryf die Rooms-Katolieke filosoof en geestelike Jean Vanier: "We are afraid of showing weakness. We are afraid of not succeeding. Deep down we are afraid of not being recognized.

"So we pretend we are the best. We hide behind power. However, when we meet people with disabilities and reveal to them through our eyes and ears and words that they are precious, they are changed. But we too are changed."

Vanier is vroeër vandeesmaand in die ouderdom van 90 jaar oorlede. As jong vlootoffisier het hy die Britse koninklike familie in 1947 op die boot na Suid-Afrika vergesel. Later het hy filosofie in Parys studeer, met die etiek van Aristoteles as tema vir sy doktorale verhandeling.

Ná 'n tyd as professor in filosofie aan die Universiteit van Toronto lei 'n vriendskap met 'n priester daartoe dat hy diep onder die indruk van die nood van mense met fisieke en verstandelike gestremdhede in instellings kom.

In 1964 koop hy 'n klein vervalle kliphuis in die Franse dorpie Trosly-Breuil, noord van Parys, en nooi hy Raphael en Philippe, albei met ernstige gestremdhede, om saam met hom te kom woon en sodoende tyd in mekaar se teenwoordigheid deur te bring. Dit word die begin van die L'Arche (Die Ark)-gemeenskappe, en deesdae is daar meer as 150 van hierdie gemeenskappe in 38 lande.

Die boodskap wat uit Vanier se inspirerende lewe en werk straal, is dat dit nie in die eerste plek daaroor gaan om vir ander, soos mense met gestremdhede, 'n klomp dinge te doen nie, maar eerder om op 'n sekere wyse by mekaar teenwoordig te wees. Deur saam te eet, saam te worstel, saam te lag, saam dinge te vier, kommunikeer ons aan mekaar: Jy is belangrik. Jy het waarde. Jy het skoonheid. Só 'n vorm van gemeenskaplike lewe het 'n transformerende krag.

In die jongste uitgawe van The Economist verskyn 'n artikel oor Vanier met die opskrif "The beauty of humans". Die einde van die artikel verwys na die vriendskap tussen Vanier en Pauline, 'n vrou wie se een arm en been verlam was en wat aan ernstige epilepsie en woede-uitbarstings gelei het. In hulle gesprekke, vertel Vanier, het sy soms wanneer hy moeg was, haar hand saggies op sy kop geplaas en met teerheid gesê: "Poor old man."

Dit is in sulke tye dat hy onder die indruk gekom het van die helende krag van hulle saamleef: vir haar én vir hom.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/jean-vanier-die-skone-krag-van-swakheid-20190524

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877